D.A. MULLERKOSHUIS

2018/06/22
D van 2018

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak / Private Bag X1007
BETHAL, 2310

Tel.: (017) 647 2606
Faks / Fax: (017) 647 5988

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ons die volgende onder u aandag :-

SIEK LEERLINGE

- Indien u kind chroniese medikasie gebruik, moet dit by die siekekamer ingehandig word. Leerlinge mag geen medikasie by hulle hou nie, aangesien daar by die siekekamer register gehou word van die medikasie wat geneem word. Sien ook asb. toe dat u kind voldoende medikasie by die koshuis het, dit gebeur soms dat daar leerlinge is wat noodsaaklike medikasie benodig en dan is daar nie meer beskikbaar nie.
- Indien u kind so siek is dat hy/sy na 'n dokter toe moet gaan sal u 'n oproep van ons ontvang om 'n afspraak by die dokter te maak. Ons sal dan toesien dat u kind by die dokter afgelaai en weer opgelaai word.
- Minder ernstige gevalle sal by die siekekamer behandel word. Daar is medikasie vir minder ernstige siektes.
- Indien dit nodig is dat u kind moet huistoe gaan sal ons u skakel en die nodige reëlings tref.
- Leerlinge mag nie self hul ouers skakel om hulle te kom haal nie, omdat daar leerlinge is wat kanse vat om huistoe te kan gaan.

WAADEVOLLE ITEMS

- Ons wil u versoek om nie waardevolle items saam met u kind na die koshuis toe te stuur nie, ons kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien dit beskadig of gesteel word nie.
- Leerlinge mag nie skootrekenaars (laptops) of tablette na die koshuis toe bring nie. Hierdie toestelle word gebruik om tot laat in die nag flieks te kyk en speletjies te speel. Hierdie leerlinge is dan die volgende dag so moeg dat hulle nie in die klasse kan konsentreer nie.
- Ons wil u versoek om nie duur selfone vir u kind te gee om by die koshuis te gebruik nie, dit raak weg en breek. Indien u kind op 'n selfoon besig is gedurende tye wat hy/sy veronderstel is om te slaap, sal die foon deur die onderwyser aan diens afgeneem word. Moet dus nie u kind na 20:00 skakel nie.

SLOTTE

Hier is baie leerlinge wat nie slotte vir hul kaste het nie. Kry asseblief vir u kind 'n ordentlike slot. Dit is beter om voorsorg te tref as wat u kind se besittings wegraak. Daar moet ook 'n spaarsleutel ingehandig word sodat u kind se slot nie geknip hoef te word as die sleutel verlore raak nie.

ELEKTRIESE TOEBEHORE

Geen elektriese toebehore behalwe selfone word toegelaat nie. Ons het opgemerk dat daar leelinge met ketels en ander elektriese toebehore is, ongelukkig mag dit nie saamgebring word nie. Die leerlinge lê tuisgemaakte verlengkoorde na hulle kamers toe aan om hierdie toebehore te gebruik, dit hou 'n groot gevaar in vir die leerlinge.

GEDRAG VAN LEERLINGE

Elke leerling wat in die koshuis is, het met sy/haar toelating tot die koshuis saam met die ouers die reëls onderteken en behoort te weet watter oortredings kan tot tydelike of permanente skorsing lei. Leerlinge wat hulle skuldig maak aan herhaaldelike oortredings van die reëls, kan hulle plek in die koshuis verloor. Praat asseblief ernstig met u kind, indien u kind se gedrag so is dat hy/sy geskors word, is dit te laat om dan versoek te rig vir nog 'n kans.

KONTAKBESONDERHEDE

Dit is van uiterste belang dat die skool oor die regte telefoonnommers van die ouers en voogde van die leerlinge beskik. Dit gebeur soms dat ons u dringende moet kontak en dan werk die telefoonnommers wat ons het nie.

ROOK

Die aantal leerlinge wat by die koshuis rook het drasties toegeneem en baie van hulle het hul ouers se toestemming. Hierdie kinders ontneem die ander leerlinge, wat nie rook nie, die voorreg om in 'n rookvrye koshuis te woon, en dit is teen die wet.

Dit is nie aanvaarbaar om in 'n skoolkoshuis in te stap en dit ruik na rook nie. 'n Leerling se klere het al gebrand, vermoedelik as gevolg van 'n stompie wat teen die kas doodgedruk is. So kon 'n ernstige brand ontstaan en baie lewens in gevaar gestel het.

Ons gaan in die toekoms baie ernstig teenoor leerlinge optree wat by die koshuis rook, of wat in besit is van sigarette en aanstekers. Ons vra die ouers se samewerking in hierdie verband.

VANDALISME

Die koshuis spandeer jaarliks baie geld aan onderhoud. Baie van dit is om gebreke te herstel wat deur leerlinge veroorsaak is. Indien u kind hom/haar skuldig maak aan vandalisme, sal die kostes van u as ouer verhaal word, voordat u kind na die koshuis toe mag terugkeer.

FINANSIES

U kind het 'n rekening ontvang. Kontroleer u rekeningstaat en kyk of dit ooreenstem met u betalings. Indien u verskil, skakel die skool om regstellings te maak. Ouers wat agterstallig is met hulle kinders se losiesgelde se kinders gaan hulle plek in die koshuis verloor. Kry asseblief u rekening op datum. Dit is tot voordeel van u kind. Indien u meer as 2 maande agterstallig is, sal u kind nie na die koshuis toe kan terugkom nie.

BELANGRIKE DATUMS

16 Julie 2018	-	Koshuis open om 14:00
8 – 12 Augustus 2018	-	Langnaweek
21-24 September 2018	-	Langnaweek
28 September 2018	-	Skole sluit

Geniet die vakansie saam met u kind.

M KRüGER
HOOF

TG PRETORIUS
KOSHUISVADER